wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

*Aansoeker.*—Suid-Afrikaanse Sportfederasie. (H4/3/1/2277.)

*Naam.*—Suid-Afrikaanse Sportfederasie.

*Spesiale name.*—Trimpark, Trimsa, Trimsport.

*Aansoeker.*—Mediese Hulpfonds vir Plaaslike Owerhede. (H4/3/1/2598.)

*Wapen.*—In rooi 'n goue regopgeplaaste Eskulaapstaf, die slang groen, omring deur 'n muurkroon, in die skildhoof vergesel van twee ringe, alles van goud.

*Helmteken.*—'n Goue lelieblom, groen gestengel en geblaar.

*Wrong en dekklede.*—Goud en rooi.

*Wapenspreuk.*—PRO CORPORE SANO.

No. 1876 31 Augustus 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE HISTORIESE PRESIDENTSWONING EN BUITEGEBOUE TE POTCHEFSTROOM

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Presidentswoning en buitegeboue te Potchefstroom, asook 'n stuk grond daaromheen, soos hieronder beskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

'n Gedeelte van die eiendom bekend as Sekere Gedeelte 4 van Erf 2529, geleë in die dorp Potchefstroom, groot 1,323 0 (een komma drie twee drie nul) hektaar, met die historiese Presidentswoning, stal en smidswinkel daarop, wat deur die volgende lyn beskryf word: Vanaf die erf se noordoostehoek in 'n westelike rigting met die erf se noordgrens langs, tot 5,5 m vanaf die erf se wesgrens; vanaf hierdie punt in 'n suidelike rigting, parallel met die erf se wesgrens, vir 'n afstand van 120 m; vanaf hierdie punt, reghoekig met die erf se wesgrens, in 'n oostelike rigting totdat die erf se oosgrens bereik word; vanaf hierdie punt met die erfgrens langs, in 'n noordelike rigting, dan in 'n oostelike rigting en dan weer in 'n noordelike rigting, tot by die noordoostehoek van die erf.

Transportakte 32617/1973, gedateer 26 September 1973 (paragraaf 4).

*Historiese belang*

Marthinus Wessel Pretorius, Kommandant-generaal van Rustenburg en Potchefstroom (1853–1857), Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1857—1860 en 1864–1871), Staatspresident van die Republiek van die Oranje-Vrystaat (1860–1863) en lid van die Driemanskap tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880–1881), het hierdie huis in 1868 vir hom laat bou. Hy het vir die grootste gedeelte van sy lewe hier gewoon en het dit eers in 1894 verkoop.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

entitled should do so within one month of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant.*—South African Sports Federation. (H4/3/1/2277.)

*Name.*—South African Sports Federation.

*Special names.*—Trimpark, Trimsa, Trimsport.

*Applicant.*—Local Authorities Medical Aid Fund. (H4/3/1/2598.)

*Arms.*—Gules, a Rod of Aesculapis erect Or, the serpent Vert, enfiled of a mural crown between in chief two annulets, Or.

*Crest.*—A lily flower Or, slipped and leaved Vert.

*Wreath and mantling.*—Or and Gules.

*Motto.*—PRO CORPORE SANO.

No. 1876 31 August 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE HISTORIC PRESIDENT'S RESIDENCE AND OUTBUILDINGS AT POTCHEFSTROOM

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the historic President's Residence and outbuildings at Potchefstroom, as well as an area of surrounding land as described below, to be a national monument.

*Description*

A portion of the property known as Certain Portion 4 of Stand 2529, situate in the town of Potchefstroom, measuring 1,323 0 (one comma three two three zero) hectares, with this historic President's Residence, stable and smithy thereon, which is described by the following line: From the stand's north-eastern corner in a westerly direction along the stand's northern boundary to 5,5 m from the stand's western boundary; thence in a southerly direction, parallel to the stand's western boundary, for a distance of 120 m; thence, at right angles to the stand's western boundary, in an easterly direction to the stand's eastern boundary; thence along the stand's boundary in a northerly direction; thence in an easterly direction; and thence again in a northerly direction to the north-eastern corner of the stand.

Deed of Transfer 32617/1973, dated 26 September 1973 (paragraph 4).

*Historical interest*

Marthinus Wessel Pretorius, Commandant-General of Rustenburg and Potchefstroom (1853–1857), State President of the South African Republic (1857–1860 and 1864–1871), State President of the Republic of the Orange Free State (1860–1863) and member of the Triumvirate during the First War of Independence (1880–1881) had this house built for him in 1868. He lived in it for the greater part of his life and did not sell it until 1894.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.